

Die Here se wil geskied

Is dit vir jou ook soms moeilik om op die Here te wag vir uitkoms en antwoorde in jou lewe? Die Here het vir Rebekka by Jakob en Esau se geboorte gesê dat Hy dit so beskik het dat die oudste die jongste sal dien (Gen 25:23). Nou het sake egter 'n lelike wending geneem. Rebekka hoor Isak wil Esau seën en sy en Jakob neem sake in hulle eie hande. Hulle kan nie meer wag totdat God eendag besluit om sy planne uit te voer nie. Daarom sal hulle maar vooruitgryp op God se planne. Hulle besluit op bedrog. Jakob, vermom met vals hare en 'n ander man se klere, bedrieg 'n blinde, ou man – sy vader!

Is ons regtig so onskuldig as ons by keerpunte in ons lewe kom? Wat maak jy as jy desperaat word oor jou werk, verhoudings, siekte, eksamen of probleme met kinders? Vlug jy na die Here toe? Ken jy die Here altyd in al jou besluite, of moet God liever eenkant op die kantlyn staan, terwyl jy jou toekoms bepaal? As ons God en godsdiens nog in ons verwysingsraamwerk figureer, hoeveel keer manipuleer ons Hom nie vir eie voordeel en eie gewin nie?

Wat van die Here? Wat doen Hy? Sy ewige besluite staan vas. Hy kies Jakob uit ten spyte van sy bedrog, leuens en gekonkel. God se wil gaan deur, ondanks menslike planne. Ons het dit op Golgota gesien: Ondanks bedrog en sameswering teen die Seun van God is die Here se verlossingsplan vir bedrieërs uitgevoer. Dit gee troos! Ten spyte van al ons sondes handhaaf die Here sy verbond met sy kinders. Hy werk met Jakob die bedrieër – en met my en jou!

Sing: Psalm 33:6

Ds. TJ Potgieter (Bloemfontein-Noord)